Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Government Gazette
Staatskoerant

Selling price • Verkoopprys
(GST excluded)/(AVB uitgesluit)
Local 50c Plaaslik
Other countries 70c Buitelands
Post Free • Posvry

Regulation Gazette
Regulasiekoerant
No. 4059

Registered at the Post Office as a Newspaper
As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Vol. 264 PRETORIA, 5 JUNE JUNIE 1987 No. 10759

PROCLAMATION

by the

State President of the Republic of South Africa

No. R. 82, 1987

AMENDMENT OF THE KANGWANE CONSTITUTION PROCLAMATION, 1977 (PROCLAMATION R. 214 OF 1977), AS AMENDED

Under and by virtue of the powers vested in me by section 1 (2) of the National States Constitution Act, 1971 (Act 21 of 1971), I hereby amend Schedule I to the KaNgwane Constitution Proclamation, 1977 (Proclamation R. 214 of 1977), as amended, by the additioning of the area described in paragraph (d) of the attached Schedule, after paragraph (c) thereof.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Fifteenth day of May, One thousand Nine hundred and Eighty-seven.

P. W. BOTHA,
State President.

By Order of the State President-in-Cabinet:

J. C. HEUNIS,
Minister of the Cabinet.

SCHEDULE

(d) The area in the Nsikazi Reserve in the White River District bounded as follows:

From the cement beacon situated on the boundary of the Kruger National Park and approximately 15 metre to the north of the Provincial bitumenized road at Numbi Gate; thence in a general north-westerly direction approximately 15 metre from the northern edge of the said road and parallel to it to the point where it joins the bitumenized road from Bosbokrand to White River; thence across the last-mentioned bitumenized road to the cement beacon situated 15 metre to the west of it; thence along the road from Bosbokrand to White River and parallel to it in a general southerly direction for approximately 4 285 metre to the cement beacon which is also situated 15 metre to

PROKLAMASIE

van die

Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. R. 82, 1987

WYSIGING VAN DIE KANGWANE-GRONDWET-PROKLAMASIE, 1977 (PROKLAMASIE R. 214 VAN 1977), SOOS GEWYSIG

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 1 (2) van die Grondwet van die Nasionale State, 1971 (Wet 21 van 1971), wysig ek hierby Bylae I van die KaNgwane-grondwetproklamasie, 1977 (Proklamasie R. 214 van 1977), soos gewysig, deur die toevoeging na paragraaf (c) daarvan, van die gebied omskryf in paragraaf (d) van die bygaande Bylae.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Vyftiende dag van Mei, Eenduisend Negehonderd Sewe-en-tagtig.

P. W. BOTHA,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Kabinet:

J. C. HEUNIS,
Minister van die Kabinet.

BYLAE

(d) Die gebied in die Nsikazireserwe in die distrik Witrivier soos volg begrens:

Vanaf die sementbaken wat op die grens van die Nasionale Krugerwildtuin en ongeveer 15 meter ten noorde van die Provinsiale teerpad by Numbihek geleë is; daarvandaan ongeveer 15 meter vanaf die noordelike kant van genoemde pad en parallel daarmee in 'n algemeen noordwestelike rigting tot waar dit aansluit by die teerpad tussen Bosbokrand en Witrivier; daarvandaan oor laasgenoemde teerpad tot by die sementbaken wat 15 meter wes daarvan geleë is; daarvandaan parallel met die kant van die teerpad tussen Bosbokrand en Witrivier in 'n algemeen suidelike rigting oor ongeveer 4 285 meter tot by die sementbaken wat ook 15 meter ten weste van genoemde pad

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

the west of the said road; thence in a straight line in a westerly direction for approximately 1 800 metre to the cement beacon situated on the eastern boundary of the farm Burger's Hall No. 21-JU; thence in a north-easterly direction along the eastern boundary of the farm Burger's Hall No. 21-JU to a cement beacon on the bank of the North Sand River; thence along the North Sand River to a point 200 metre south of the southern road reserve boundary of the Hazyview-Skukuza bitumenized road; thence eastwards along a straight line to a point on the east boundary of Lot 146 Kaapsche Block E, 200 metre south of the said southern road reserve boundary situated also on the boundary of the Kruger National Park; thence in a general southerly direction along the boundary of the Kruger National Park to the point of commencement.

(File 25/3/2/5)

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING

No. R. 1245 **5 June 1987**

LIVESTOCK IMPROVEMENT ACT, 1977 (ACT 25 OF 1977)

LIVESTOCK IMPROVEMENT REGULATIONS.—AMENDMENT

The Deputy Minister of Agriculture, acting on behalf of the Minister of Agriculture under section 34 of the Livestock Improvement Act, 1977 (Act 25 of 1977), has made the regulations set out in the Schedule.

SCHEDULE

Definitions

1. In this Schedule "the Regulations" means the regulations published by Government Notice R. 1181 of 20 June 1986.

Institution of Table A of the Regulations

2. The following table is hereby substituted for Table A of the regulations:

geleë is; daarvandaan in 'n reguit lyn in 'n westelike rigting oor ongeveer 1 800 meter tot by die sementbaken op die oostelike grens van die plaas Burger's Hall No. 21-JU geleë; daarvandaan in 'n noordoostelike rigting langs die oostelike grens van die plaas Burger's Hall No. 21-JU tot by 'n sementbaken op die oewer van die Noord-Sandrivier; daarvandaan met die Noord-Sandrivier af tot by 'n punt 200 meter suid van die suidelike padreserwegrens van die Hazyview-Skukuza teerpad; daarvandaan ooswaarts met 'n reguitlyn langs tot by 'n punt op die oosgrens van Lot 146 Kaapsche Blok E, 200 meter suid van die genoemde suidelike padreserwegrens, wat ook op die grens van die Nasionale Krugerwildtuin is; daarvandaan in 'n algemeen suidelike rigting langs die Nasionale Krugerwildtuingrens tot by die beginpunt.

(Lêer 25/3/2/5)

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING

No. R. 1245 **5 Junie 1987**

VEEVERBETERINGSWET, 1977 (WET 25 VAN 1977)

VEEVERBETERINGSREGULASIES.—WYSIGING

Die Adjunk-minister van Landbou, handelende namens die Minister van Landbou kragtens artikel 34 van die Veeverbeteringswet, 1977 (Wet 25 van 1977), het die regulasies in die Bylae uiteengesit, uitgevaardig.

BYLAE

Woordomskrywing

1. In hierdie Bylae beteken "die Regulasies" die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 1181 van 20 Junie 1986.

Vervanging van Tabel A van die Regulasies

2. Tabel A van die regulasies word hierby deur die volgende tabel vervang:

TABLE A/TABEL A

FEES PAYABLE/GELDE BETAALBAAR

	Purpose/Doel	Amount/Bedrag
1	Application for registration as an inseminator, embryo transferor or inovulator/Aansoek om registrasie as 'n insemineerder, embrio-oorplaser of inovuleerder [reg. 2 (1) (b)]	R20,00 per application/per aansoek.
2	Application for registration of premises as an A.I. centre/Aansoek om registrasie van 'n perseel as 'n K.I.-sentrum [reg. 3 (1) (c) (iii)]	R500,00 per application/per aansoek.
3	Application for approval of an animal for the collection of semen or ova/Aansoek om goedkeuring van 'n dier vir die opvang van semen of eiselle [reg. 4 (1) (b) (iv)]	R60,00 per animal/per dier.
4	Application for renewal of registration as an inseminator, embryo transferor or inovulator/Aansoek om hernuwing van registrasie as 'n insemineerder, embrio-oorplaser of inovuleerder [reg. 5 (1) (b) (ii)]	R10,00 per application/per aansoek.
5	Application for renewal of registration of premises as an A.I. centre/Aansoek om hernuwing van registrasie van 'n perseel as 'n K.I.-sentrum [reg. 5 (1) (b) (ii)]	R30,00 per application/per aansoek.
6	Application for renewal of approval of an animal for the collection of semen or ova/Aansoek om hernuwing van goedkeuring van 'n dier vir die opvang van semen of eiselle [reg. 5 (1) (b) (ii)]	R30,00 per animal/per dier.
7	Late submission of application for renewal of registration as an inseminator, embryo transferor or inovulator/Laat-indiening van aansoek om hernuwing van registrasie as 'n insemineerder, embrio-oorplaser of inovuleerder [reg. 5 (5) (b)]	R10,00 per application in addition to the amount specified in paragraph 1/per aansoek benewens die bedrag in paragraaf 1 vermeld.
8	Late submission of application for renewal of registration of a premises as an A.I. centre/Laat-indiening van aansoek om hernuwing van 'n perseel as 'n K.I.-sentrum [reg. 5 (5) (b)]	R30,00 per application in addition to the amount specified in paragraph 1/per aansoek benewens die bedrag in paragraaf 1 vermeld.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

	Purpose/Doel	Amount/Bedrag
9	Late submission of application for renewal of approval of an animal for the collection of semen or ova/Laat-indiening van aansoek om hernuwing van goedkeuring van 'n dier vir die opvang van semen of eiselle [reg. 5 (5) (b)]	R30,00 per application in addition to the amount specified in paragraph 1/per aansoek benewens die bedrag in paragraaf 1 vermeld.
10	Application for approval to keep an animal at an A.I. centre for purposes other than the collection of semen/Aansoek om goedkeuring om 'n dier vir ander doeleindes as die opvang van semen by 'n K.I.-sentrum aan te hou [reg. 14 (3) (b) (iv)]	R30,00 per animal/per dier.
11	Application for approval to sell semen or ova collected from a non-approved animal/Aansoek om goedkeuring om semen of eiselle wat van 'n nie-goedgekeurde dier opgevang is, te verkoop [reg. 16 (1) (c)]	R25,00 per application/per aansoek.
12	Application for approval for the collection of sement at a place other than an A.I. centre/Aansoek om goedkeuring vir die opvang van semen by 'n ander plek as 'n K.I.-sentrum [reg. 17 (1) (b)]	R30,00 per application/per aansoek.
13	Application for authorization to import an animal, semen, ova or eggs into the Republic/Aansoek om magtiging om 'n dier, semen, eiselle of eiers in die Republiek in te voer [reg. 20 (2)]	R30,00 per application/per aansoek.
14	Deposit with application for the use of official quarantine facilities for poultry and eggs/Deposito by aansoek vir die gebruikmaking van amptelike kwarantynfasiliteite vir pluimvee of eiers [reg. 20 (3) (d) (iv)]	R400,00 per application/per aansoek.
15	Application for authorization to export an animal, semen, ova or eggs from the Republic/Magtiging om 'n dier, semen, eiselle of eiers uit die Republiek uit te voer [reg. 22 (2)]	R30,00 per application/per aansoek.
16	Application for authorization to export an ostrich or the egg of an ostrich from the Republic/Aansoek om magtiging om 'n volstruis of die eier van 'n volstruis uit die Republiek uit te voer [reg. 22 (2)]	R30,00 per application/per aansoek.
17	Application for certificate of incorporation issued to a livestock breeders' society/Aansoek om sertifikaat van regspersoonlikheid uitgereik aan 'n veetelersgenootskap [reg. 24 (1) (c)]	R130,00 per application/per aansoek.
18	Appeal in terms of section 27 of the Act/Appèl ingevolge artikel 27 van die Wet [reg. 25 (1) (e)]	R500,00 per appeal/per appèl.
19	(a) Inspection of register/Insae in register	R10,00 per occation/per eenheid.
	(b) Copy of particulars in register/Afskrif van besonderhede in register	R5,00 per page/per bladsy.
	(c) Certificate in respect of particulars in register/Sertifikaat ten opsigte van besonderhede in register	R20,00 per certificate/per sertifikaat.

No. R. 1246 **5 June 1987**

CORRECTION NOTICE

MARKETING ACT, 1968 (ACT 59 OF 1968)

WINTER CEREAL SCHEME.—AMENDMENT

Government Notice R. 1105 of 22 May 1987 published in *Government Gazette* 10746 of the said date is hereby corrected—

(a) by the substitution in section 4 under the heading *Advisory Committees* for the figure "25." of the figure "17."; and

(b) by the insertion in the Afrikaans text in the last line of paragraph (c) of section 8 after the expression "word." of the expression ",voorskryf.".

No. R. 1246 **5 Junie 1987**

VERBETERINGSKENNISGEWING

BEMARKINGSWET, 1968 (WET 59 VAN 1968)

WINTERGRAANSKEMA.—WYSIGING

Goewermentskennisgewing R. 1105 van 22 Mei 1987 gepubliseer in *Staatskoerant* 10746 van vermelde datum word hierby verbeter—

(a) deur in artikel 4 onder die opskrif *Adviserende Komitees* die syfer "25." deur die syfer "17." te vervang; en

(b) deur in die laaste reël van paragraaf (c) van artikel 8 die uitdrukking ",voorskryf." na die uitdrukking "word." in te voeg.

Use it.

Don't abuse it.

water is for everybody

Werk mooi daarmee.

Ons leef daarvan.

water is kosbaar

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

CONTENTS

No.		*Page No.*	*Gazette No.*
	PROCLAMATION		
R. 82	National States Constitution Act (21/1971): Amendment of the KaNgwane Constitution Proclamation, 1977 (Proclamation R. 214 of 1977), as amended	1	10759
	GOVERNMENT NOTICES		
	Agricultural Economics and Marketing, Department of		
	Government Notices		
R. 1245	Livestock Improvement Act (25/1977): Livestock Improvement Regulations: Amendment	2	10759
R. 1246	Marketing Act (59/1968): Winter Cereal Scheme: Amendment	3	10759

INHOUD

No.		*Bladsy No.*	*Staatskoerant No.*
	PROKLAMASIE		
R. 82	Grondwet van die Nasionale State (21/1971): Wysiging van die KaNgwane-grondwetproklamasie, 1977 (Proklamasie R. 214 van 1977), soos gewysig	1	10759
	GOEWERMENTSKENNISGEWINGS		
	Landbou-ekonomie en -bemarking, Departement van		
	Goewermentskennisgewings		
R. 1245	Veeverbeteringswet (25/1977): Veeverbeteringsregulasies: Wysiging	2	10759
R. 1246	Bemarkingswet (59/1968): Wintergraanskema: Wysiging	3	10759

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001. Tel. 323-9731 × 267

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001. Tel. 323-9731 × 267